BEELD, Kuns
06 Feb 2014, p.20

Nel doen in Mozart-concerto's presies wat komponis vra

Thys Odendaal

Johannesburg Feesorkes: Anton Nel, klavier
Linder, Parktown

Mozart word beskou as "die vader van die concerto" – die genre waarin die solo-instrument midde-in die oorweldigende orkestrale krag van soms tot 40 instrumente as ensemble geplaas word.

Tot vandag toe, ná die letterlik duisende concerto's wat sedert Mozart neergepen is, is die Salzburg-meester steeds 'n uitdagende, dikwels selfs 'n raaiselagtige teenwoordigheid in konsertsale.

Dit was dus iets besonders vir die liefhebbers van kunsmusiek om in 'n stampvol Linder na die Suid-Afrikaans gebore Amerikaanse pianis Anton Nel se weergawe van twee Mozart-concerto's met die Johannesburg Feesorkes en Richard Cock as dirigent te luister. Sy vertolkings van twee concerto's – die Klavierkonsert no. 24 in c, K491, voor pouse en die No. 21 in C, K467, ná pouse – was twee skitter-illustrasies van die eiesoortigheid van die Mozart-genre.

Cock was in sy leiding van die feesorkes in dié konsert op die Johannesburgse internasionale Mozartfees deurlopend standvastig, ritmies en het 'n klankbalans gehandhaaf tussen die instrument-groepe en in verhouding tot die solis. Met dié leiding kon Nel sy omvangryke vertolkingskuns op die klavier illustreer.

Nel se klavierspel is werklik iets besonders, gebore uit 'n instinktiewe talent wat deur die jare ontwikkel en aangevul is deur 'n tegniese en kundige voeding wat 'n volronde kunstenaar vestig.

In die No. 24 was sy spel suiwer, die ritmiese en melodiese beklemtoning so idiomaties sodat Mozart op die voorgrond bly. Daar is iets omtrent Nel se spel, binne die spontane en volkome tegniese beheer, wat 'n mens se gedagtegang tot ontleding en insig dwing.

Hoe 'n pianis van sy statuur byvoorbeeld so 'n eenvoudige tema soos die Andante in die No. 21 as't ware 'n nuwe lewe kan gee, is te bewonder. Ná die verrotting wat die oor-romantiese weergawe vir die rolprent *Elvira Madigan* aan dié musiek verleen het, het 'n effens kommersiële klankie ingetree. Nel ken duidelik Mozart se "klassieke" idioom.

En juis daarom was sy weergawe van die Andante so ontroerend.

Hy doen wat Mozart vra.

Nel se talent, sy vaardigheid, en bowenal pianistiese avontuur en sy skeppingsvermoë as uitvoerende kunstenaar is 'n besonderse belewenis.

Nel is ná 'n besoek aan Port Elizabeth, Stellenbosch en Kaapstad op 14 en 16 Februarie in Pretoria vir twee uitvoerings in die Brooklyn-teater.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.